REMGRO BEPERK

Registrasienommer 1968/006415/06
ISIN ZAE000026480 Aandelekode REM

TUSSENVERSLAG

ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 DESEMBER 2017 EN VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

HOOFTREKKE

• **Intrinsieke netto batewaarde per aandeel**	**+5.7%**
• **Tussendividend per aandeel**	**+5.2%**
• **Wesensverdienste per aandeel, uitgesluit opsie hermeting**	**+1.3%**
• **Wesensverdienste per aandeel**	**-10.4%**

REMGRO BEPERK

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE STAND

R miljoen	**31 Desember 2017**	31 Desember 2016	30 Junie 2017
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	**6 741**	6 767	6 668
Beleggingseiendomme	**130**	119	129
Ontasbare bates	**4 873**	4 936	4 927
Beleggings - Geëkwiteer	**80 184**	78 072	80 883
- Beskikbaar-vir-verkoop	**2 937**	3 152	3 345
Aftreevoordele	**204**	152	201
Lenings	**573**	616	562
Uitgestelde belasting	**22**	40	23
	95 664	93 854	96 738
Bedryfsbates	**23 179**	22 937	22 317
Voorraad	**3 645**	3 621	3 055
Biologiese landboubates	**619**	709	791
Debiteure en korttermynlenings	**5 730**	5 493	4 885
Belegging in geldmarkfondse	**5 849**	3 569	5 888
Kontant en kontantekwivalente	**7 227**	9 458	7 524
Ander bedryfsbates	**93**	32	85
	23 163	22 882	22 228
Bates gehou vir verkoop	**16**	55	89
Totale bates	**118 843**	116 791	119 055
EKWITEIT EN LASTE			
Verklaarde kapitaal	**13 416**	13 418	13 416
Reserwes	**78 933**	76 171	79 235
Tesourie-aandele	**(189)**	(231)	(219)
Aandeelhouersekwiteit	**92 160**	89 358	92 432
Nie-beherende belang	**3 009**	2 812	2 870
Totale ekwiteit	**95 169**	92 170	95 302
Nie-bedryfslaste	**18 161**	18 935	18 493
Aftreevoordele	**183**	182	173
Langtermynlenings	**16 278**	16 882	16 446
Uitgestelde belasting	**1 473**	1 471	1 511
Afgeleide instrumente	**227**	400	363
Bedryfslaste	**5 513**	5 686	5 260
Handels- en ander krediteure	**4 625**	4 671	4 710
Korttermynlenings	**741**	826	480
Ander bedryfslaste	**147**	189	69
	5 513	5 686	5 259
Laste gehou vir verkoop	**-**	-	1
Totale ekwiteit en laste	**118 843**	116 791	119 055
Netto batewaarde per aandeel (Rand)			
- Teen boekwaarde	**R162.59**	R157.73	R163.13
- Teen intrinsieke waarde	**R265.84**	R257.79	R251.48

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	31 Desember 2017	31 Desember 2016	30 Junie 2017
R miljoen		Herstateer*	
Verkope	**14 046**	14 511	27 600
Voorraaduitgawes	**(6 804)**	(7 917)	(16 138)
Personeelkoste	**(2 522)**	(2 456)	(4 972)
Waardevermindering	**(362)**	(379)	(752)
Ander netto bedryfsuitgawes*	**(3 617)**	(3 351)	(4 978)
Handelswins	**741**	408	760
Dividendinkomste	**48**	19	61
Rente ontvang	**414**	238	633
Billike waarde aanpassing op omruilbare skuldbriewe opsie*	**134**	667	687
Finansieringskoste	**(614)**	(648)	(1 255)
Netto waardedaling van beleggings, lenings, bates en klandisiewaarde	**645**	593	105
Wins met die verkoop en verwatering van beleggings	**120**	3	199
Gekonsolideerde wins voor belasting	**1 488**	1 280	1 190
Belasting	**(272)**	(118)	(227)
Gekonsolideerde wins na belasting	**1 216**	1 162	963
Belang in na-belaste wins van geëkwiteerde beleggings	**3 015**	4 075	7 545
Netto wins vir die tydperk	**4 231**	5 237	8 508
Toeskryfbaar aan:			
Ekwiteithouers	**4 131**	5 219	8 431
Nie-beherende belang	**100**	18	77
	4 231	5 237	8 508
GEËKWITEERDE BELEGGINGS			
Belang in na-belaste wins van geëkwiteerde beleggings			
Wins voor inagneming van waardedalings, nie-herhalende en kapitale items	**5 380**	5 466	10 066
Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**(1 170)**	(308)	(668)
Wins met die verkoop van beleggings	**108**	154	325
Ander nie-herhalende en kapitale items	**13**	33	101
Wins voor belasting en nie-beherende belang	**4 331**	5 345	9 824
Belasting	**(1 096)**	(1 079)	(1 895)
Nie-beherende belang	**(220)**	(191)	(384)
	3 015	4 075	7 545

* *Die billike waarde aanpassing op die omruilbare skuldbriewe opsie was ingesluit by "Ander netto bedryfsuitgawes" in die Desember 2016 inkomstestaat. Soos voorheen gerapporteer en ten einde openbaarmaking te verbeter, word hierdie item nou apart aangebied.*

WESENSVERDIENSTE REKONSILIASIE

	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	31 Desember	31 Desember	30 Junie
R miljoen	**2017**	2016	2017
Netto wins vir die tydperk toeskryfbaar aan ekwiteithouers (verdienste)	**4 131**	5 219	8 431
Plus/(minus):			
- Netto waardedaling van geëkwiteerde beleggings	**(654)**	(738)	(302)
- Waardedaling van beskikbaar-vir-verkoop beleggings	**-**	-	5
- Waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting	**8**	145	181
- (Wins)/verlies met die verkoop en verwatering van geëkwiteerde beleggings	**(4)**	5	(199)
- Wins met die verkoop van beskikbaar-vir-verkoop beleggings	**(116)**	(8)	-
- Netto wins met die verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(45)**	(18)	(110)
- Nie-wesensverdienste items ingesluit by verdienste van geëkwiteerde beleggings	**1 048**	128	223
- Netto (wins)/verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(1)**	7	(19)
- Wins met die verkoop van beleggings	**(108)**	(154)	(325)
- Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**1 170**	308	668
- Ander nie-herhalende en kapitale items	**(13)**	(33)	(101)
- Belastinguitwerking van aansuiwerings	**32**	(22)	5
- Nie-beherende belang	**6**	(21)	(13)
Wesensverdienste	**4 406**	4 690	8 221
Opsie hermeting	**(134)**	(667)	(687)
Wesensverdienste, uitgesluit opsie hermeting	**4 272**	4 023	7 534

.

VERDIENSTE EN DIVIDENDE

	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	31 Desember	31 Desember	Junie
Sent	**2017**	2016	2017
Wesensverdienste per aandeel			
– Basies	**777.5**	867.7	1 485.5
– Verwater	**772.8**	863.9	1 479.5
Wesensverdienste per aandeel, uitgesluit opsie hermeting			
– Basies	**753.9**	744.3	1 361.3
– Verwater	**749.1**	740.7	1 355.5
Verdienste per aandeel			
– Basies	**729.0**	965.6	1 523.4
– Verwater	**725.2**	960.8	1 517.2
Dividende per aandeel			
Gewoon	**204.00**	194.00	495.00
– Tussen	**204.00**	194.00	194.00
– Finaal	**-**	-	301.00

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	31 Desember	31 Desember	Junie
R miljoen	**2017**	2016	2017
Netto wins vir die tydperk	**4 231**	5 237	8 508
Ander omvattende inkomste, netto van belasting	**(2 774)**	(2 976)	(2 097)
Items wat later na die inkomstestaat herklassifiseer kan word:			
Wisselkoersaanpassings	**(1 182)**	(4 570)	(4 477)
Billike waarde aanpassings vir die tydperk	**(2)**	(117)	69
Uitgestelde belasting op billike waarde aanpassings	**12**	53	21
Herklassifikasie van ander omvattende inkomste na die inkomstestaat	**(98)**	(9)	(20)
Ander omvattende inkomste van geëkwiteerde beleggings	**(1 694)**	1 801	2 245
Items wat nie na die inkomstestaat herklassifiseer kan word nie:			
Hermeting van na-aftrede voordeelverpligtinge	**-**	-	68
Uitgestelde belasting op hermeting van na-aftrede voordeelverpligtinge	**-**	-	(19)
Veranderinge in reserwes van geëkwiteerde beleggings	**190**	(134)	16
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**1 457**	2 261	6 411
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:			
Ekwiteithouers	**1 356**	2 244	6 338
Nie-beherende belang	**101**	17	73
	1 457	2 261	6 411

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	31 Desember	31 Desember	Junie
R miljoen	**2017**	2016	2017
Saldo aan die begin van die tydperk	**95 302**	81 657	81 657
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**1 457**	2 261	6 411
Dividende betaal	**(1 747)**	(1 589)	(2 708)
Transaksies met nie-beherende aandeelhouers	**63**	5	18
Ander bewegings	**7**	7	18
Langtermyn aandele-aansporingskemareserwe	**87**	48	127
Aandele uitgereik	**-**	9 945	9 945
Aandele uitreikingskoste	**-**	(132)	(134)
Aankoop van tesourie-aandele deur volfiliaal	**-**	(32)	(32)
Saldo aan die einde van die tydperk	**95 169**	92 170	95 302

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	31 Desember	31 Desember	Junie
R miljoen	**2017**	2016	2017
Kontant uit bedrywighede voortgebring	**203**	465	2 874
Belasting betaal	**(204)**	(120)	(363)
Dividende ontvang[1]	**2 205**	2 509	4 163
Finansieringskoste	**(570)**	(611)	(1 179)
Kontant beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite	**1 634**	2 243	5 495
Dividende betaal	**(1 747)**	(1 589)	(2 708)
Netto kontantinvloei/(-uitvloei) uit bedryfsaktiwiteite	**(113)**	654	2 787
Beleggingsaktiwiteite[1, 2]	**(128)**	(3 569)	(6 572)
Finansieringsaktiwiteite[3]	**(58)**	8 997	8 553
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	**(299)**	6 082	4 768
Wisselkoersverlies op buitelandse kontant	**(268)**	(231)	(424)
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk	**7 472**	3 128	3 128
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk	**6 905**	8 979	7 472
Kontant en kontantekwivalente – per staat van finansiële stand	**7 227**	9 458	7 524
Oortrokke bankrekening	**(322)**	(479)	(52)

1. Die dividend ontvang vanaf RMI Holdings ten opsigte van die herinvesteringsopsie (verwys na die gedeelte oor "Beleggingsaktiwiteite"), ten bedrae van R292 miljoen, is nie in "Dividende ontvang" en "Beleggingsaktiwiteite" vir kontantvloeidoeleindes ingesluit nie.
2. "Beleggingsaktiwiteite" vir die vergelykende tydperk sluit hoofsaaklik die toename in geldmarkfondse van R2 519 miljoen in.
3. "Finansieringsaktiwiteite" vir die vergelykende tydperk sluit die Remgro regte-uitgifte van R9 813 miljoen in.

ADDISIONELE INLIGTING

	31 Desember	31 Desember	30 Junie
	2017	2016	2017
Aantal aandele uitgereik			
- Gewone aandele sonder pariwaarde	**529 217 007**	529 217 007	529 217 007
- Ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde	**39 056 987**	39 056 987	39 056 987
Totale aantal aandele uitgereik	**568 273 994**	568 273 994	568 273 994
Aantal aandele in tesourie gehou			
- Gewone aandele teruggekoop en in tesourie gehou	**(1 432 501)**	(1 756 218)	(1 666 638)
	566 841 493	566 517 776	566 607 356
Geweegde aantal aandele	**566 682 343**	540 505 301	553 423 346

In die bepaling van verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel is die geweegde aantal aandele in berekening gebring.

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

R miljoen	**31 Desember 2017**	31 Desember 2016	30 Junie 2017
Geëkwiteerde beleggings			
Geassosieerdes	**74 451**	72 536	75 392
Gesamentlike ondernemings	**5 733**	5 536	5 491
	80 184	78 072	80 883
Geëkwiteerde beleggingsrekonsiliasie			
Drawaarde aan die begin van die tydperk	**80 883**	78 565	78 565
Belang in netto toeskryfbare wins	**3 015**	4 075	7 545
Dividende ontvang	**(2 304)**	(2 109)	(3 861)
Verwateringsuitwerkings	**2**	(6)	196
Wisselkoersverskille	**(940)**	(5 372)	(4 947)
Grindrod waardedaling teruggeskryf	**654**	724	478
Bewegings op reserwes	**(1 504)**	1 667	2 256
Ander bewegings	**378**	528	651
Drawaarde aan die einde van die tydperk	**80 184**	78 072	80 883
Langtermynlenings			
20 000 Klas A 7.7% kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele	**3 513**	3 513	3 512
10 000 Klas B 8.3% kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele	**4 383**	4 383	4 382
Omruilbare skuldbriewe, met ‘n effektiewe rentekoers van 4.5%	**5 533**	5 530	5 650
Verskeie ander lenings	**3 084**	3 597	3 127
	16 513	17 023	16 671
Korttermyn gedeelte van langtermynlenings	**(235)**	(141)	(225)
	16 278	16 882	16 446
Toevoegings tot en vervanging van eiendom, aanleg en toerusting	**336**	802	1 228
Kapitaal- en beleggingsverpligtinge (Ingesluit bedrae gemagtig, maar nog nie gekontrakteer nie)	**1 330**	1 433	1 247
Waarborge en voorwaardelike aanspreeklikhede	**25**	239	26
Dividende ontvang vanaf geëkwiteerde beleggings teen beleggings verreken	**2 304**	2 109	3 861
Verwys na die gedeelte oor “Beleggingsaktiwiteite” vir meer inligting oor wesentlike verwante partytransaksies.			

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

Billike waarde hermetings

Die volgende metodes en aannames word gebruik om die billike waarde van elke klas van finansiële instrumente te bepaal:

- Finansiële instrumente beskikbaar-vir-verkoop en belegging in geldmarkfondse: Billike waarde is gebaseer op gekwoteerde markpryse of, in die geval van ongenoteerde instrumente, toepaslike waardasiemetodologieë. Laasgenoemde sluit die verdiskonteerde kontantvloeimetode, likwidasiewaarde en werklike netto batewaarde van die beleggings in.
- Afgeleide instrumente: Die billike waarde van afgeleide instrumente word bepaal met verwysing na toepaslike waardasie metodologieë en die mark waarin daar met die instrumente handel gedryf word.

Finansiële instrumente wat teen billike waarde gemeet word, word geopenbaar in een van die volgende vlakke van die billike waarde hiërargie:

Vlak 1 – Genoteerde pryse (onaangepas) in aktiewe markte vir soortgelyke bates of laste;
Vlak 2 – Insette (anders as genoteerde pryse binne vlak 1) wat waarneembaar is vir die bate of las, direk (as pryse) of indirek (afgelei vanaf pryse); en
Vlak 3 – Insette vir die bate of las wat nie op waarneembare markinligting gebaseer is nie (nie-waarneembare insette).

Die volgende tabelle toon, volgens hiërargievlak, die billike waardes van finansiële bates en laste wat teen billike waarde gemeet word:

R miljoen	***Vlak 1***	***Vlak 2***	***Vlak 3***	**Totaal**
31 Desember 2017				
Bates				
Beskikbaar-vir-verkoop	**1 093**	**-**	**1 844**	**2 937**
Afgeleide instrumente	**-**	**8**	**-**	**8**
Belegging in geldmarkfondse	**5 849**	**-**	**-**	**5 849**
	6 942	**8**	**1 844**	**8 794**
Laste				
Langtermyn afgeleide instrumente	**-**	**227**	**-**	**227**
Korttermyn afgeleide instrumente	**-**	**14**	**49**	**63**
	-	**241**	**49**	**290**
31 Desember 2016				
Bates				
Beskikbaar-vir-verkoop	1 040	-	2 112	3 152
Afgeleide instrumente	-	2	-	2
Belegging in geldmarkfondse	3 569	-	-	3 569
	4 609	2	2 112	6 723
Laste				
Langtermyn afgeleide instrumente	-	400	-	400
Korttermyn afgeleide instrumente	-	39	54	93
	-	439	54	493
30 Junie 2017				
Bates				
Beskikbaar-vir-verkoop	1 178	-	2 167	3 345
Afgeleide instrumente	-	1	-	1
Belegging in geldmarkfondse	5 888	-	-	5 888
	7 066	1	2 167	9 234
Laste				
Langtermyn afgeleide instrumente	-	363	-	363
Korttermyn afgeleide instrumente	-	13	49	62
	-	376	49	425

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

Die volgende tabelle toon die rekonsiliasie van die drawaarde van vlak 3-bates vanaf die begin tot die einde van die tydperk:

R miljoen	**31 Desember 2017**	31 Desember 2016	30 Junie 2017
Bates: Beskikbaar-vir-verkoop			
Saldo's aan die begin van die tydperk	**2 167**	2 148	2 148
Toevoegings	**56**	26	119
Vervreemdings	**(350)**	(57)	(67)
Wisselkoersaanpassings	**(103)**	(109)	(178)
Billike waarde aanpassings deur omvattende inkomste	**74**	104	145
Saldo's aan die einde van die tydperk	**1 844**	2 112	2 167
Laste: Afgeleide instrumente			
Saldo's aan die begin van die tydperk	**49**	54	54
Hermetings	**-**	-	(5)
Saldo's aan die einde van die tydperk	**49**	54	49

Daar was geen oordragte tussen die verskillende vlakke nie.

Vlak 3 finansiële bates bestaan hoofsaaklik uit beleggings in die Milestone China entiteite (Milestone) en die Pembani Remgro Infrastruktuurfonds (PRIF) ten bedrae van R1 492 miljoen en R228 miljoen, onderskeidelik. Hierdie beleggings word almal waardeer gegrond op die billike waarde van elke belegging se onderliggende bates, wat op 'n verskeidenheid waardasiemetodes bepaal word. Genoteerde entiteite word waardeer teen die laaste gekwoteerde aandeelprys op die verslagdoeningsdatum, terwyl ongenoteerde entiteite se waardasiemetodes verdiskonteerde kontantvloei waardasies en toepaslike verdienste- en omsetveelvoude insluit.

Milestone se billike waarde bestaan uit genoteerde beleggings (45%), kontant en kontantekwivalente (6%) en ongenoteerde beleggings (49%). Ongenoteerde beleggings wat teen onlangse transaksiepryse by Milestone se billike waarde ingesluit word bedra R400 miljoen, terwyl sy oorblywende nege ongenoteerde beleggings teen R328 miljoen waardeer is en nie as wesentlik beskou word nie. PRIF se hoofbates is die beleggings in ETG Groep en Lumos Global. Die fonds waardeer sy beleggings deur van toepaslike verdienste- en omsetveelvoude, wat gebaseer is op soortgelyke maatskappye, gebruik te maak ten einde 'n prys-tot-boekwaardasie te bepaal.

Veranderinge in die waardasie-aannames van bogenoemde ongenoteerde beleggings sal nie 'n wesentlike invloed op Remgro se finansiële state hê nie aangesien die onderliggende bates van die fondse waarin Remgro sy beleggings gemaak het, wyd verspreid is.

KOMMENTAAR

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die tussenverslag word opgestel ooreenkomstig die erkennings- en metingsgrondslae van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS), ingesluit IAS 34: Tussentydse Finansiële Verslagdoening, en SAICA se Finansiële Rapporteringsriglyne, soos uitgereik deur die Rekenkundige Praktykekomitee, asook Finansiële Uitsprake, soos uitgereik deur die Raad op Finansiële Verslagdoeningstandaarde, in ooreenstemming met die vereistes van die Maatskappywet (Nr 71 van 2008), soos gewysig, en die Noteringsvereistes van die JSE Beperk. Die finansiële state is onder die toesig van die hoof finansiële beampte, Neville Williams GR(SA) opgestel. Die tussenverslag is nie geouditeer of nagesien nie.

Hierdie finansiële state inkorporeer rekeningkundige beleid wat in ooreenstemming met dié van die vorige finansiële tydperke is, met die uitsondering van die implementering van die wysigings aan *IAS 7: Kontantvloeistate, IAS 12: Inkomstebelasting* en *IFRS 12: Openbaarmaking van belange in ander entiteite.* Die implementering van hierdie interpretasies en wysigings het geen uitwerking op die resultate van die huidige of vorige tydperke gehad nie.

2. RESULTATE

Wesensverdienste
Vir die tydperk onder oorsig het wesensverdienste met 6.1%, vanaf R4 690 miljoen tot R4 406 miljoen, afgeneem, terwyl wesensverdienste per aandeel (WVPA) met 10.4%, vanaf 867.7 sent tot 777.5 sent, afgeneem het. Die verskil in die afname tussen wesensverdienste en WVPA is toeskryfbaar aan die impak van die regte-uitgifte in die vergelykende tydperk.

Ingesluit in wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig is ‘n positiewe billike waarde aanpassing van R134 miljoen (2016: R667 miljoen) wat verband hou met die afname in waarde van skuldbriefhouers se omruilopsie van die omruilbare skuldbriewe (“opsie hermeting”). Met uitsluiting van die opsie hermeting het wesensverdienste met 6.2%, vanaf R4 023 miljoen tot R4 272 miljoen, toegeneem, terwyl WVPA met 1.3%, vanaf 744.3 sent tot 753.9 sent, toegeneem het. Die toename in wesensverdienste, uitgesluit opsie hermeting, is hoofsaaklik die gevolg van hoër verdienste van RCL Foods, Total, RMI Holdings en hoër finansieringsinkomste, wat teengewerk is deur ‘n laer bydrae van Mediclinic.

Bydrae tot wesensverdienste deur rapporteringskategorieë

R miljoen	**31 Des 2017**	*% Verandering*	31 Des 2016	Jaar geëindig 30 Junie 2017
Bankwese	**1 678**	*6.2*	1 580	3 163
Gesondheidsorg	**487**	*(50.5)*	983	1 875
Verbruikersprodukte	**1 140**	*20.6*	945	1 354
Versekering	**626**	*27.2*	492	1 041
Nywerheid	**551**	*29.3*	426	750
Infrastruktuur	**32**	*113.3*	15	36
Media en sport	**(18)**	*28.0*	(25)	(58)
Ander beleggings	**29**	*(25.6)*	39	70
Sentrale tesourie				
- finansieringsinkomste	**259**	*146.7*	105	349
- finansieringskoste	**(452)**	*2.2*	(462)	(903)
- opsie hermeting	**134**	*(79.9)*	667	687
Ander netto korporatiewe koste	**(60)**	*20.0*	(75)	(143)
Wesensverdienste	**4 406**	*(6.1)*	4 690	8 221
Opsie hermeting	**(134)**		(667)	(687)
Wesensverdienste, uitgesluit opsie hermeting	**4 272**	*6.2*	4 023	7 534

Verwys na Bylae A en B vir segmentinligting.

Kommentaar op rapporteringskategorieë se vertoning

Bankwese
Die wesensverdienstebydrae van die bankafdeling het R1 678 miljoen (2016: R1 580 miljoen) bedra, wat ‘n toename van 6.2% verteenwoordig. FirstRand en RMH het wesensverdienstegroei van onderskeidelik 6.0% en 6.2% gerapporteer. Op ‘n genormaliseerde basis, wat sekere nie-bedryfs- en rekeningkundige afwykings uitsluit, het FirstRand en RMH verdienstegroei van onderskeidelik 7.0% en 7.2% gerapporteer. Hierdie toenames was hoofsaaklik as gevolg van groei in beide netto rente-inkomste, ondersteun deur goeie groei in voorskotte en deposito’s, en nie-rente-inkomste weens ‘n stewige groei in fooi- en kommissie-inkomste.

Gesondheidsorg
Mediclinic se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R487 miljoen (2016: R983 miljoen) bedra wat ‘n afname van 50.5% verteenwoordig. Daar moet op gelet word dat die handelsmerk van alle Al Noor-fasiliteite na Mediclinic omgeskakel is en gevolglik sluit Mediclinic se bydrae vir die tydperk onder oorsig ‘n versnelde amortisasiekoste van R171 miljoen in ten opsigte van die Al Noor-handelsnaam. Met uitsluiting van die effek van die versnelde amortisasie sou Mediclinic se bydrae tot Remgro se wesensverdienste met 33.1% vanaf R983 miljoen tot R658 miljoen, afgeneem het. Die versterking van die rand teenoor die Switserse frank, die Britse pond en die Verenigde Arabiese Emirate se dirham het ook ‘n negatiewe uitwerking op Mediclinic se bydrae gehad. In Britse pondterme het Mediclinic se bydrae, met uitsluiting van versnelde amortisasie, met 20.4% afgeneem, hoofsaaklik weens ‘n swakker vertoning deur die Hirslanden- en die Midde-Oosterse bedryfsafdelings en ‘n afname in die geëkwiteerde verdienste van Spire. Hirslanden se vergelykende tydperk sluit ook ‘n positiewe verstreke dienskoste-krediet ten bedrae van £10 miljoen in, terwyl Spire se bydrae tot Mediclinic se resultate ‘n voorsiening van £7 miljoen insluit wat verband hou met die moontlike skikkingskoste van ‘n siviele geding met ‘n konsultant wat vroeër praktiserende voorregte by Spire geniet het.

Verbruikersprodukte
Die bydrae van verbruikersprodukte tot Remgro se wesensverdienste het R1 140 miljoen (2016: R945 miljoen) bedra, wat ‘n toename van 20.6% verteenwoordig. RCL Foods se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 56.6% tot R498 miljoen (2016: R318 miljoen) toegeneem. Die toename is hoofsaaklik danksy beter resultate in die hoenderbesigheidseenheid as gevolg van ‘n hersiene besigheidsmodel, laer voerpryse en beter realisasies. Op ‘n genormaliseerde basis, wat sekere eenmalige items in die vergelykende tydperk uitsluit wat verband hou met die skikking van die Zam Chick- en Zamhatch-verkoopsopsies en koste aangegaan met die implementering van die hersiene hoenderbesigheidsmodel, het RCL Foods wesensverdienstegroei van 35.3% gerapporteer. Unilever se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 9.5% tot R288 miljoen (2016: R263 miljoen) toegeneem. Hierdie toename was hoofsaaklik te danke aan ‘n verbetering in bruto marges as ‘n resultaat van kostebeheer. Distell se bydrae tot wesensverdienste, wat die belegging in Capevin Holdings insluit, het R354 miljoen (2016: R364 miljoen) bedra. Distell se resultate vir die tydperk onder oorsig is negatief beïnvloed deur eenmalige verliese en afskrywings ten bedrae van R78 miljoen by sy geassosieerde Tanzania Distilleries Limited, na ‘n *sachet*-verbod en aksynsdispuut. Die vergelykende tydperk het die terugskryf van ‘n voorsiening vir rente ten bedrae van R42 miljoen ingesluit wat gemaak is ten opsigte van ‘n uitgebreide aksynsdispuut. Distell het wesensverdienstegroei van 3.2%, aangepas vir buitelandse wisselkoersbewegings en die voorgenoemde eenmalige items, gerapporteer. Dit was hoofsaaklik gedryf deur ‘n 9.3% toename in omset, wat behaal is oor alle streke en kategorieë.

Versekering
RMI Holdings se bydrae tot wesensverdienste het met 27.2% tot R626 miljoen (2016: R492 miljoen) toegeneem. Op 'n genormaliseerde basis het RMI Holdings 'n toename van 25.8% in verdienste gerapporteer, hoofsaaklik danksy die vertonings van Discovery en OUTsurance (uitgesluit Hastings), wat onderskeidelik verdienstegroei van 29.5% en 11.3% behaal het. Die sterk vertoning deur Discovery is gedryf deur beide gevestigde en opkomende besighede, terwyl OUTsurance se resultate gedryf is deur Youi se groei in bedryfswins as gevolg van laer natuurlike gevaareise in Australië. Die bydrae deur Hastings is gedeeltelik teengewerk deur die hoër befondsingskoste wat met die verkryging in die vorige jaar gepaardgaan.

Nywerheid
Total se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R258 miljoen (2016: R102 miljoen) bedra. Ingesluit in die bydrae tot wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig is gunstige voorraadherwaardasies ten bedrae van R135 miljoen (2016: ongunstige voorraadherwaardasies van R28 miljoen). Hierdie herwaardasies is die gevolg van die onbestendigheid in die Brent ru-olieprys en die randwisselkoers. Uitgesluit dié herwaardasies, het die bydrae met 5.4%, vanaf R130 miljoen tot R123 miljoen, afgeneem, hoofsaaklik weens ‘n laer raffineringsmarge, die impak van beplande en onbeplande raffinaderysluitings en ‘n swakker ekonomiese klimaat. Remgro se deel van KTH se resultate het R73 miljoen (2016: R58 miljoen) bedra, hoofsaaklik weens laer finansieringskoste as gevolg van die terugbetaling van skuld nadat die belegging in Exxaro Resources

Beperk verkoop is. Air Products en Wispeco se bydrae tot wesensverdienste het onderskeidelik R142 miljoen en R62 miljoen bedra (2016: R151 miljoen en R90 miljoen), terwyl PGSI R16 miljoen tot Remgro se wesensverdienste bygedra het (2016: R25 miljoen).

Infrastruktuur
Grindrod se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het ‘n verlies van R52 miljoen (2016: ‘n verlies van R18 miljoen) bedra, hoofsaaklik as gevolg van voorraadwaardedalings in die spoorwegmonteerbesigheid weens die sluiting van dié besigheidseenheid. Die afname is deels teengewerk deur beter resultate van kernbesighede hoofsaaklik as gevolg van verhoogde kommoditeitsaanvraag en stewiger droëvrag-verskepingstariewe. Vir die tydperk onder oorsig het die CIV-groep R32 miljoen tot wesensverdienste bygedra (2016: R44 miljoen). Hierdie afname is hoofsaaklik te wyte aan hoër finansieringskoste en waardevermindering as gevolg van die uitbreidende netwerk, asook laer geëkwiteerde inkomste weens die verkoop van die CIV groep se belegging in Dartcom SA Eiendoms Beperk. Remgro se deel van SEACOM se wins het R32 miljoen (2016: ‘n verlies van R18 miljoen) bedra. Hierdie toename is hoofsaaklik te danke aan verbeterde resultate in Suid-Afrika en Kenia, sowel as ‘n eenmalige realisasie van uitgestelde inkomste wat verband hou met die vroeë beëindiging van langtermynkontrakte.

Media en sport
Media en sport bestaan hoofsaaklik uit die belange in eMedia Investments en verskeie sportbelange, waaronder die belange in rugby-franchises, sowel as die Stellenbosch Academy of Sport. eMedia Investments se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het tot R3 miljoen (2016: R33 miljoen) afgeneem. Die afname is hoofsaaklik te wyte aan ‘n wesentlike afname in lisensie-inkomste weens ‘n heronderhandelde DStv-ooreenkoms.

Ander beleggings
Die bydrae van ander beleggings tot wesensverdienste het R29 miljoen (2016: R39 miljoen) bedra, waarvan Business Partners se bydrae R29 miljoen (2016: R23 miljoen) was.

Sentrale tesourie en ander netto korporatiewe koste
Finansieringsinkomste het R259 miljoen (2016: R105 miljoen) bedra. Hierdie toename is hoofsaaklik die gevolg van hoër gemiddelde kontantbalanse as gevolg van Remgro se regte-uitgifte in die vergelykende tydperk. Finansieringskoste het R452 miljoen (2016: R462 miljoen) bedra. Die positiewe billike waarde aanpassing van R134 miljoen (2016: R667 miljoen) hou verband met die daling in waarde van die omruilopsie van die omruilbare skuldbriewe. Ander netto korporatiewe koste het R60 miljoen (2016: R75 miljoen) bedra.

Verdienste
Verdienste het met 20.8% tot R4 131 miljoen (2016: R5 219 miljoen) afgeneem. Hierdie afname is hoofsaaklik te wyte aan die laer positiewe billike waarde aanpassing wat verband hou met die afname in waarde van die omruilopsie van die omruilbare skuldbriewe van R134 miljoen (2016: R667 miljoen), sowel as Remgro se gedeelte van die waardedaling van Mediclinic se belegging in Spire ten bedrae van R830 miljoen.

3. INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel het met 5.7%, vanaf R251.48 op 30 Junie 2017 tot R265.84 op 31 Desember 2017, toegeneem. Die sluitingsaandeelprys op 31 Desember 2017 was R236.00 (30 Junie 2017: R213.46), wat ‘n diskonto van 11.2% (30 Junie 2017: 15.1%) tot die intrinsieke netto batewaarde verteenwoordig. Verwys na Bylaag B vir volle besonderhede.

4. BELEGGINGSAKTIWITEITE

Die belangrikste beleggingsaktiwiteite gedurende die tydperk onder oorsig was soos volg:

RMI Holdings Beperk (RMI Holdings)
Op 19 September 2017 het RMI Holdings sy finale dividend vir die jaar geëindig 30 Junie 2017 verklaar wat as alternatief tot die kontantdividend, óf die ontvang van ‘n skripdistribusie óf die herinvestering van die kontantdividend deur in te skryf vir nuwe RMI Holdings gewone aandele, ingesluit het. Remgro het gekies om sy kontantdividend van R292.3 miljoen te herinvesteer en het daarvoor 7 691 641 nuwe RMI Holdings gewone aandele teen R38.00 per aandeel ontvang. Remgro se belang in RMI Holdings het marginaal van 29.9% op 30 Junie 2017 tot 30.1% op 31 Desember 2017 toegeneem.

Kagiso Infrastructure Empowerment Fund (KIEF)
Gedurende die tydperk onder oorsig het Remgro sy belegging in KIEF verkoop en ‘n wins met verkoop van R102.8 miljoen met die transaksie gerealiseer. Remgro het hom oorspronklik verbind om fondse ten bedrae van R350 miljoen beskikbaar te stel aan KIEF, wat ‘n teikengrootte van R650 miljoen gehad het, met die doel om in infrastruktuurprojekte, waaronder paaie, lughawens, krag- en telekommunikasie-installasies, spoorwegstelsels, hawens, asook water- en maatskaplike infrastruktuur, te belê. Remgro het in totaal R285.3 miljoen in KIEF belê en het inkomste en kapitaaluitkerings ten bedrae van R380.5 miljoen ontvang, wat die opbrengs met die verkoop van KIEF insluit.

Ander
Ander kleiner beleggings het R122 miljoen bedra.

Gebeure na 31 Desember 2017

Distell Groep Beperk (Distell)
Gedurende Junie 2017 is aangekondig dat Distell sy veelvlakkige eienaarskapstruktuur gaan herstruktureer. Ingevolge dié herstrukturering sal Remgro vir genoteerde gewone aandele en ongenoteerde B-aandele in ‘n nuwe genoteerde entiteit (Nuwe Distell) inskryf. Die genoteerde gewone aandele sal aan Remgro dieselfde ekonomiese belang van 31.8% gee, terwyl die ongenoteerde B-aandele, hoewel dit geen ekonomiese regte het nie, Remgro se stemreg in Nuwe Distell tot 56.0% sal verhoog. Die herstrukturering is steeds onderworpe aan goedkeuring deur die relevante mededingingsowerhede.

Unilever South Africa Holdings Eiendoms Beperk (Unilever)
Op 22 September 2017 is aangekondig dat Unilever Remgro se belang van 25.75% in eersgenoemde sal bekom in ruil vir die Unilever Smere-besigheid in Suider-Afrika, sowel as ‘n kontantbedrag van R4.9 miljard, wat ‘n totale transaksiewaarde van R11.9 miljard verteenwoordig. Die transaksie plaas ‘n waarde van R7.0 miljard op die Unilever Smere-besigheid. Die transaksie is steeds onderworpe aan goedkeuring deur die relevante mededingingsowerhede.

RMI Holdings Beperk (RMI Holdings)
Op 12 Maart 2018 het RMI Holdings ‘n tussendividend vir die ses maande tot 31 Desember 2017 verklaar wat as alternatief tot die kontantdividend, óf die ontvang van ‘n skripdividend óf die herinvestering van die kontantdividend deur in te skryf vir nuwe RMI Holdings gewone aandele, insluit. Deur die herinvesteringsopsie te kies, het Remgro hom daartoe verbind om sy kontantdividend, ten bedrae van R178.4 miljoen, te herinvesteer om sodoende 4 196 921 nuwe RMI gewone aandele teen R42.50 per aandeel te ontvang.

Buiten bogenoemde transaksie was daar geen ander wesentlike transaksies sedert 31 Desember 2017 nie.

5. INLIGTING MET BETREKKING TOT ONGENOTEERDE BELEGGINGS

Unilever South Africa Holdings Eiendoms Beperk (Unilever)
Unilever het 'n 31 Desember-jaareinde en sy resultate vir die ses maande tot 31 Desember 2017 is by dié van Remgro vir die tydperk onder oorsig ingesluit. Unilever se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het in die ses maande onder oorsig met 9.5% tot R288 miljoen (2016: R263 miljoen) toegeneem. Die toename in wesensverdienste was grootliks te danke aan verbeterde handelsresultate, bruto marges en kostebeheer wat sterk bedryfsinkomste in 2017 meegebring het.

Air Products South Africa Eiendoms Beperk (Air Products)
Air Products het 'n September-jaareinde en sy resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2017 is by dié van Remgro vir die tydperk onder oorsig ingesluit. Air Products se bydrae tot Remgro se wesensverdienste in dié tydperk het met 6.0% tot R142 miljoen (2016: R151 miljoen) afgeneem.

Air Products se omset vir die ses maande geëindig 30 September 2017 het met 3.1% tot R1 492 miljoen (2016: R1 447 miljoen) toegeneem, terwyl die maatskappy se bedryfswins van R436 miljoen (2016: R436 miljoen) vir dieselfde tydperk onveranderd gebly het.

Die tydperk onder oorsig het met moeilike handelsomstandighede en ‘n onderdrukte vraag na die maatskappy se produkte in die meeste besigheidsektore gepaard gegaan.

Kagiso Tiso Holdings Eiendoms Beperk (KTH)
KTH is ‘n toonaangewende swart beleggingsmaatskappy met ‘n gediversifiseerde bateportefeulje, wat die volgende sektore insluit: hulpbronne, nywerheid, media, finansiële dienste, gesondheidsorg, eiendom en inligtingstegnologie.

KTH se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het R73 miljoen (2016: R58 miljoen) bedra. Die toename in verdienste was hoofsaaklik weens die afname in netto finansieringskoste tot R117 miljoen (2016: R219 miljoen) weens die betaling van skuld by die kern met die opbrengs van die verkoop van die belegging in Exxaro Resources Beperk (Exxaro). Exxaro se bydrae tot KTH se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het R69 miljoen bedra (2016: R134 miljoen), wat die wins met verkoop van die belegging (binne wesensverdienste) insluit.

KTH se verlies toeskryfbaar aan gewone aandelehouers het R138 miljoen (2016: R383 miljoen wins) bedra. Die verlies is hoofsaaklik te wyte aan die waardedaling van die belegging in Actom Eiendoms Beperk van R412 miljoen, gedeeltelik teengewerk deur die terugskrywing van die waardedaling van SK Platinum Vennootskap (R146 miljoen), terwyl die vergelykende tydperk die wins met verkoop van Idwala Holdings Beperk (R308 miljoen) ingesluit het.

Inkomste uit geëkwiteerde beleggings het tot R50 miljoen (2016: R57 miljoen) afgeneem, hoofsaaklik te wyte aan laer bydraes vanaf ander geassosieerdes, gesamentlike ondernemings en vennootskappe weens die huidige moeilike makro-ekonomiese omstandighede. Die grootste bydrae tot geëkwiteerde inkomste gedurende die oorsigtyderk was vanaf die beleggings in MMI Holdings Beperk en Fidelity Bank (Ghana) Beperk.

Total South Africa Eiendoms Beperk (Total)
Total het 'n Desember-jaareinde, en gevolglik is sy resultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2017 in Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig ingesluit. Total se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die ses maande tot 31 Desember 2017 het R258 miljoen (2016: R102 miljoen) bedra.

Total se omset vir die ses maande geëindig 31 Desember 2017 het met 12.9% tot R30 196 miljoen (2016: R26 747 miljoen) toegeneem, hoofsaaklik te danke aan ‘n prysverhoging en hoër verkope aan die mynbousektor en herverkopers gedurende die tydperk onder oorsig.

Die resultate is positief beïnvloed deur gunstige voorraadherwaardasies van R753 miljoen (2016: R156 miljoen verlies) weens die toename in die gemiddelde basiese brandstofprys en ru-oliepryse gedurende die tydperk onder oorsig.

Total het in die tydperk onder oorsig 'n verswakking in raffineringsmarges vergeleke met 2016 ervaar, te wyte aan die gesamentlike effek van ‘n groot beplande sluiting gedurende Oktober en November 2017, ander onbeplande sluitings en 'n minder gunstige ekonomiese omgewing.

PGSI Beperk (PGSI)
PGSI se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die ses maande tot 31 Desember 2017 het R16 miljoen (2016: R25 miljoen) bedra. PGSI se omset vir die tydperk onder oorsig het van R2 105 miljoen tot R2 171 miljoen toegeneem. Die groep se genormaliseerde bedryfswins, wat die impak van batewaardedalings uitsluit, het van R159 miljoen tot R114 miljoen afgeneem.

Die groep se vernaamste bedryfsfiliaal in Suid-Afrika, PG Group, vervaardig en verskaf glas aan die bou- en motorbedryf. Die bou-afdeling het ‘n afname in wins gerapporteer te wyte aan swak plaaslike vraag en toenemende druk op verkooppryse in ‘n kompeterende en oorvoorsiene mark.

Die groep se motorafdelings was negatief beïnvloed deur ekonomiese druk op verbruikers, minder versekeringseise en ‘n swakker vraag in uitvoermarkte. Die sterk rand het die winsgewendheid van uitvoere negatief beïnvloed. Kompeterende pryse, veral uit China, het verskaffing aan plaaslike voertuig monteer-bedrywighede uitgedaag. Oorspronklike toerustingvervaardigers doen prysvergelyking teenoor internasionale mededingers, wat gunstiger skaalvoordele het, en dit lei tot druk op marges.

Die Res-van-Afrika besighede, wat oor die afgelope paar jare sterk groei gelewer het, het ‘n afname in winsgewendheid rapporteer met baie streke wat deur swakker ekonomiese aktiwiteit, sowel as deur politieke onstabiliteit in sekere streke, geaffekteer is.

Die groep het goeie vordering gemaak om koste te verminder en die kwaliteit en doeltreffendheid van vervaardiging te verbeter. Dit het 'n goeie strategiese basis vir toekomstige groei geskep.

Wispeco Holdings Eiendoms Beperk (Wispeco)
Wispeco se omset vir die ses maande tot 31 Desember 2017 het met 7.4% tot R1 076 miljoen (2016: R1 162 miljoen) afgeneem. Die afname is te wyte aan 'n afname in verkoopsvolumes in ‘n mark met intense pryskompetisie en marges wat onder druk is. Wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het tot R62 miljoen (2016: R90 miljoen) afgeneem. Aan die einde van 2017 is invoerbelasting op uitgeperste aluminium van 5% tot 15% verhoog wat die speelveld in die toekoms meer gelyk maak vir plaaslike vervaardigers teenoor gesubsidieerde invoere. Die onlangse versterking van die rand stel sy eie uitdagings vir plaaslike vervaardiging en beklemtoon die belangrikheid van Wispeco se strewe na wêreldklas produktiwiteit en die laagste produksiekoste.

Wispeco gaan voort om leiding te gee met produk-innovasie en aluminium oplossings. Nuwe pasgemaakte aluminiumprodukte word ontwikkel om aan die behoeftes van spesifieke marksegmente te voldoen. Die nuwe ontwerp- en skatting sagteware pakket vir vervaardigers van aluminium vensters en deure (Starlite) sal binnekort van stapel gestuur word om verkope en wetlike nakoming te ondersteun in die snelgroeiendste marksegment. Tegniese vervaardigingsvermoëns word voortdurend verhef om meer uitdagende produkte vir industriële (nie-argitektoniese) markte te produseer. Geleenthede om die maatskappy se verspreidingsvoetspoor uit te brei word op 'n deurlopende basis benut.

Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk (CIV groep)
Remgro het 'n effektiewe belang van 51.0% in die CIV groep, wat in die telekommunikasie- en inligtingstegnologiesektor bedrywig is. Die belangrikste bedryfsmaatskappy van die groep is Dark Fibre Africa Eiendoms Beperk (DFA), wat optiesevesel-netwerke bou en besit.

Die CIV groep het 'n Maart-jaareinde en gevolglik is sy resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2017 in Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig ingesluit. Die CIV groep se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het R32 miljoen (2016: R44 miljoen) bedra. Hierdie afname is hoofsaaklik te wyte aan hoër finansieringskoste en waardevermindering weens die uitbreiding van die netwerk, sowel as laer geëkwiteerde inkomste weens die verkoop van die CIV groep se belegging in Dartcom SA Eiendoms Beperk.

DFA se omset vir die ses maande geëindig 30 September 2017 het met 23.0% tot R903 miljoen (2016: R734 miljoen) toegeneem danksy stewige groei van 28.3% in annuïteitsinkomste. DFA se verdienste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie het in die tydperk onder oorsig met 10.1% tot R545 miljoen toegeneem. Die huidige boekwaarde van die optiesevesel-netwerk is meer as R6.8 miljard (30 Junie 2017: R6.6 miljard). DFA het tot dusver daarin geslaag om gesonde annuïteitsinkomste van R113 miljoen per maand te beding, die meeste daarvan via langtermynkontrakte met kliënte.

DFA besit optiesevesel-netwerke in Johannesburg, Kaapstad, Durban, Midrand, Centurion en Pretoria, sowel as in kleiner metropolitaanse gebiede, soos Oos-Londen, Polokwane, Tlokwe, Emalahleni, George en Pietermaritzburg. Op 30 September 2017 was 'n totale afstand van 10 138 km (September 2016: 9 503 km) optiesevesel-netwerk in die hoof metropole, klein dorpe en op langafstandroetes voltooi. Vir die tydperk onder oorsig was die netwerk se bedryfstyd 99.99%.

DFA se inkomstemodel is buigsaam om by kliënte se behoeftes aan te pas en DFA verkoop óf onvervreembare gebruiksregkontrakte, wat 'n eenmalige voorafbetaling vereis, óf meerjarige kontrakte tot en met 15 jaar op 'n annuïteitsgrondslag. Die toekomstige waarde van huidige annuïteitskontrakte beloop meer as R12.2 miljard.

SEACOM Capital Beperk (SEACOM)
Remgro het ‘n effektiewe belang van 30% in SEACOM, wat Afrika se grootste internasionale datanetwerk bedryf en wat Suider- en Oos-Afrika met Europa en Asië verbind.

SEACOM het ‘n Desember-jaareinde en sy resultate vir die ses maande tot 31 Desember 2017 is by dié van Remgro ingesluit vir die tydperk onder oorsig. SEACOM se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig bedra R32 miljoen (2016: verlies van R18 miljoen). Die toename in die wesensverdienste is hoofsaaklik weens die verbeterde resultate van SEACOM Business in Suid-Afrika en Kenia en die eenmalige realisasie van uitgestelde inkomste wat verband hou met die vroeë kansellasie van onvervreembare gebruiksregkontrakte.

SEACOM se kern verkope en inkomste spruit uit sy gevestigde basis van groothandel-diensverskaffers, wat ook die grondslag is vir skaalgrootte netwerke, kostebesparings en diensinnovasie. Die diensverskaffer-segment toon sterk vraag vir internasionale kapasiteit van groot "Over The Top" verskaffers en groei in Internet Protokol Transito verkeer van plaaslike internet diensverskaffers. Die SEACOM internasionale en terrestriële netwerke word voortdurend opgradeer om tred te hou met hierdie vraag.

SEACOM Business bied die platform vir toekomstige groei en verbeterde winsgewendheid namate die aantal en grootte van korporatiewe kliënte toeneem. SEACOM Business het in 2017 meer as 1 000 korporatiewe klante bygevoeg, en meer as VSA$22 miljoen in nuwe bestelkontrakwaarde. Die eenheid het 'n gesonde pyplyn om in 2018 verkope en inkomste te laat groei. Addisioneel tot organiese groei, het SEACOM Business internet diensverskaffers verkry, hoofsaaklik met die fokus op die ondernemingsmark. SEACOM Business gaan voort om sy beleggings te fokus op binne-gebou veselretikulasie en terrestriële vesel om voorheen nie-gedienste gebiede te ontsluit.

6. TESOURIE-AANDELE

Op 30 Junie 2017 is 1 666 638 Remgro gewone aandele (0.3%) as tesourie-aandele deur 'n vol-filiaalmaatskappy van Remgro gehou. Soos voorheen gerapporteer, is hierdie aandele gekoop ten einde Remgro se aandele-aansporingskema te verskans.

Gedurende die jaar onder oorsig is 234 137 Remgro gewone aandele aangewend om Remgro se verpligting na te kom teenoor skema deelnemers wat die regte wat aan hulle toegeken is, uitgeoefen het.

Op 31 Desember 2017 is 1 432 501 (0.3%) Remgro gewone aandele as tesourie-aandele gehou.

VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

Verklaring van Dividend Nr. 35
Hiermee word kennis gegee dat 'n bruto tussendividend van 204 sent (2016: 194 sent) per aandeel uit inkomstereserwes verklaar is ten opsigte van beide die gewone aandele sonder pariwaarde en die ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde, vir die halfjaar geëindig 31 Desember 2017.

Dividend-terughoubelasting van 20% of 40.8 sent per aandeel sal van toepassing wees, wat tot gevolg het dat die netto dividend 163.2 sent per aandeel is, tensy die betrokke aandeelhouer vrygestel is van dividend-terughoubelasting of in aanmerking kom vir ‘n verlaagde koers ingevolge ‘n toepaslike dubbelbelastingooreenkoms.

Die uitgereikte aandelekapitaal op die verklaringsdatum is 529 217 007 gewone aandele en 39 056 987 B-gewone aandele. Die inkomstebelastingnommer van die maatskappy is 9500-124-71-5.

Belangrike datums:

Laaste dag van verhandeling ten einde vir die dividend te kwalifiseer	Dinsdag, 17 April 2018
Aandele verhandel ex dividend	Woensdag, 18 April 2018
Rekorddatum	Vrydag, 20 April 2018
Betaaldatum	Maandag, 23 April 2018

Aandeelsertifikate mag nie tussen Woensdag, 18 April 2018, en Vrydag, 20 April 2018, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie.

Ingevolge die bepalings van die maatskappy se akte van oprigting sal dividende slegs elektronies oorgeplaas word in die bankrekeninge van aandeelhouers, terwyl dividendtjeks nie meer uitgereik word nie. Indien aandeelhouers nie die oordragsekretaris van hulle bankbesonderhede voorsien nie, sal die dividend nie verbeur word nie, maar in die aandeleregister as “onopgeëis” gemerk word totdat die aandeelhouer die bankbesonderhede vir die uitbetaling daarvan aan die oordragsekretaris voorsien het.

Geteken namens die raad van direkteure.

Johann Rupert
Voorsitter

Jannie Durand
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch
15 Maart 2018

DIREKSIE

Nie-uitvoerende direkteure
Johann Rupert *(Voorsitter)*, E de la H Hertzog *(Ondervoorsitter)*,
J Malherbe *(Ondervoorsitter)*, S E N De Bruyn*, G T Ferreira*,
P K Harris*, N P Mageza*, P J Moleketi*, M Morobe*,
F Robertson*
(**Onafhanklik*)

Uitvoerende direkteure
J J Durand (*Hoofuitvoerende beampte*),
W E Bührmann, M Lubbe, N J Williams

MAATSKAPPY-INLIGTING

Sekretaris
D I Heynes

Notering
JSE Beperk
Sektor: Nywerhede – Algemene Nywerhede

Sake-adres en geregistreerde kantoor
Millenniapark, Stellentialaan 16, Stellenbosch 7600
(Posbus 456, Stellenbosch 7599)

Oordragsekretaris
Computershare Investor Services Eiendoms Beperk,
Rosebank Towers, Biermannlaan 15, Rosebank 2196
(Posbus 61051, Marshalltown 2107)

Ouditeure
PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Stellenbosch

Borg
Rand Aksepbank (’n Afdeling van FirstRand Bank Beperk)

Webwerf
www.remgro.com

REMGRO BEPERK

BYLAAG A

SAMESTELLING VAN WESENSVERDIENSTE

R miljoen	Ses maande geëindig 31 Desember 2017	31 Desember 2016
Bankwese		
RMH	**1 185**	1 115
FirstRand	**493**	465
Gesondheidsorg		
Mediclinic	**487**	983
Verbruikersprodukte		
Unilever	**288**	263
Distell[1]	**354**	364
RCL Foods	**498**	318
Versekering		
RMI Holdings	**626**	492
Nywerheid		
Air Products	**142**	151
KTH	**73**	58
Total	**258**	102
PGSI	**16**	25
Wispeco	**62**	90
Infrastruktuur		
Grindrod	**(52)**	(18)
CIV groep	**32**	44
SEACOM	**32**	(18)
Ander infrastruktuurbelange	**20**	7
Media en sport		
eMedia Investments	**3**	33
Ander media- en sportbelange	**(21)**	(58)
Ander beleggings	**29**	39
Sentrale tesourie		
Finansieringsinkomste	**259**	105
Finansieringskoste	**(452)**	(462)
Opsie hermeting	**134**	667
Ander netto korporatiewe koste	**(60)**	(75)
Wesensverdienste	**4 406**	4 690
Geweegde aantal aandele (miljoen)	**566.7**	540.5
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**777.5**	867.7

Aantekening

1. Sluit die belegging in Capevin Holdings Beperk in.

REMGRO BEPERK

BYLAAG B

SAMESTELLING VAN INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

	31 Desember 2017		30 Junie 2017	
R miljoen	**Boekwaarde**	**Intrinsieke waarde**	Boekwaarde	Intrinsieke waarde
Bankwese				
RMH	**14 380**	**31 466**	14 016	23 350
FirstRand	**5 170**	**14 783**	5 010	10 365
Gesondheidsorg				
Mediclinic	**31 111**	**35 038**	33 763	41 568
Verbruikersprodukte				
Unilever	**3 575**	**10 512**	3 737	10 702
Distell[1]	**3 927**	**9 839**	3 727	9 556
RCL Foods	**7 991**	**10 146**	7 553	10 173
Versekering				
RMI Holdings	**7 860**	**20 993**	7 277	17 532
Nywerheid				
Air Products	**1 019**	**3 830**	1 047	4 298
KTH	**1 632**	**2 157**	1 684	2 466
Total	**1 831**	**2 282**	1 640	2 167
PGSI	**657**	**658**	643	643
Wispeco	**883**	**1 037**	821	1 368
Infrastruktuur				
Grindrod	**2 364**	**2 364**	1 915	1 915
CIV groep	**2 280**	**4 881**	2 242	4 829
SEACOM	**332**	**836**	321	896
Ander infrastruktuurbelange	**247**	**247**	520	520
Media en sport				
eMedia Investments	**1 150**	**1 114**	1 147	1 424
Ander media- en sportbelange	**341**	**338**	365	319
Ander beleggings	**3 931**	**3 937**	3 947	3 932
Sentrale tesourie				
Kontant by die kern[2]	**12 543**	**12 543**	12 223	12 223
Skuld by die kern	**(13 656)**	**(13 656)**	(13 907)	(13 907)
Ander netto korporatiewe bates	**2 592**	**3 014**	2 741	3 164
Intrinsieke netto batewaarde (INBW)	**92 160**	**158 359**	92 432	149 503
Potensiële KWB-aanspreeklikheid[3]		**(7 668)**		(7 010)
INBW na belasting	**92 160**	**150 691**	92 432	142 493
Uitgereikte aandele na aftrekking van aandele teruggekoop (miljoen)	**566.8**	**566.8**	566.6	566.6
INBW na belasting per aandeel (Rand)	**162.59**	**265.84**	163.13	251.48
Remgro aandeelprys (Rand)		**236.00**		213.46
Persentasie diskonto tot INBW		**11.2**		15.1

Aantekeninge

1. Sluit die belegging in Capevin Holdings Beperk in.
2. Kontant by die kern sluit uit kontant gehou deur filiale wat afsonderlik hierbo gewaardeer is (hoofsaaklik RCL Foods en Wispeco).
3. Die potensiële kapitaalwinsbelasting (KWB)-aanspreeklikheid is bereken op die spesifieke-identifikasiemetode deur gebruik te maak van die voordeligste berekening vir beleggings wat voor 1 Oktober 2001 verkry is en die korporatiewe vrystellingsbepalings word ook in ag geneem. Uitgestelde KWB op beleggings "beskikbaar-vir-verkoop" is onder "ander netto korporatiewe bates" hierbo ingesluit.
4. Vir doeleindes van berekening van die intrinsieke waarde, word ongenoteerde beleggings teen direkteurswaardasies aangetoon en genoteerde beleggings teen beurspryse.